hetsy regstreeks of onregstreeks deur middel van sy invloed op ander pryse en koste. Die vooruitsig van so 'n versnelling van die inflasiekoers was een van die redes vir die aanvaarding van 'n meer beperkende ekonomiese beleid vroeg in Augustus.

pryse in die eerste helfte van 1984 is meegebring deur 'n bykans ononderbroke afwaartse swewing van die wisselkoers van die rand, die prysverhogende invloed van die droogte, die volgehoue skerp styging in verbruiksbesteding, die hoër koers van toename in nominale salarisse en lone per werker, en 'n aantal aanpassings in geadmistrateerde pryse. Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het die koers van toename in verbruikerspryse van 10,0 persent in Februarie tot 11,6 persent in Junie versnel. Die verandering in die koers van die algemene verkoopbelasting op 1 Julie het die statistiese invloed gehad om die verbruikersprysindeks met 0,4 persent te verhoog. Sekere basiese voedselsoorte is van die algemene verkoopbelasting vrygestel, terwyl die koers op ander goedere en dienste van 7 tot 10 persent verhoog is. Met insluiting van hierdie invloed, was verbruikerspryse in Julie 1984 12,4 persent hoër as twaalf maande vantevore. Produksiepryse was in Julie 1984 8,1 persent hoër as in Julie 1983. Die pryse van binnelands-geproduseerde goedere het in hierdie tydperk met 8,6 persent gestyg en dié van ingevoerde goedere met 6,4 persent. Laasgenoemde het vanaf die vierde kwartaal van 1983 versnel vanweë die depresiasie van die rand.

In Julie het die effektiewe wisselkoers van die rand met 'n verdere 16 persent gedaal. Die gevolglike styging in invoerpryse sal waarskynlik tot hoër inflasie bydra,

## Betalingsbalans

### Lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het in die tweede kwartaal van 1984 aansienlik verbeter, ten spyte van 'n verswakking in Suid-Afrika se ruilvoet. Gereken teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, het die tekort op die lopende rekening van R2,8 miljard in die eerste kwartaal van 1984 tot R1,4 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Voorlopige handelsyfers toon dat hierdie verbetering in Julie voortgeduur het. Afgesien van die netto goudproduksie, het al die ander hoofkomponente van die lopende rekening tot die kleiner tekort bygedra.

Die goedere-uitvoer, wat teen die einde van 1983 begin styg het, het gedurende die tweede kwartaal van 1984 verder toegeneem en ook teen 'n vinniger koers. Hierdie toename het hoër uitvoerpryse sowel as 'n groter uitvoervolume weerspieël. Prysstygings het hoofsaaklik met die depresiasie van die rand verband gehou; internasionale kommoditeitspryse het in werklikheid effens gedaal in reaksie op die verdere verstewiging van die VSA-dollar. Na die toename in die tweede kwartaal

### Lopende rekening van die betalingsbalans


(Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse)  
R miljoene

	1984	
	1e kw.	2e kw.
Goedere-uitvoer .....	11 620	12 340
Netto goudproduksie .....	11 020	10 210
Goedere-invoer .....	-20 990	-19 830
Netto dienste- en oordragbetalings	-4 410	-4 070
Saldo op lopende rekening .....	-2 760	-1 350


was die volume van die uitvoer 20 persent hoër as sy onderste draaipunt in die derde kwartaal van 1983. In Julie is 'n verdere toename in die uitvoer gerapporteer.

Nadat die goedere-invoer vanaf die derde kwartaal van 1983 tot die eerste kwartaal van 1984 aansienlik toegeneem het, het dit as gevolg van 'n laer volume van invoer in die tweede kwartaal skerp gedaal. Hierdie

### Betalingsbalans: Handelsrekening



### Betalingsbalans: Lopende rekening



daling het egter 'n beperkte basis gehad en het hoofsaaklik in die invoer van mineraalprodukte, en in 'n mindere mate, ook in die invoer van vervoertoerusting voorgekom. In ooreenstemming met die hoë vlak van binnelandse besteding het die meeste van die ander hoofgroepe van invoer gedurende die tweede kwartaal óf verder gestyg óf op die betreklik hoë vlakke gebly. Ten spyte van 'n voortgesette daling in die invoer van mineraalprodukte in Julie, het die totale waarde van die invoer effens gestyg in terme van die gedepresieerde rand.

Laer netto dienste- en oordragbetalings aan buitelanders het ook tot die daling in die tekort op die lopende rekening bygedra. Alhoewel betalings vir dienste gelewer deur buitelanders effens toegeneem het, het dienste-ontvangste vanaf die res van die wêreld 'n skerp styging getoon wat hoofsaaklik 'n weerspieëling van groter inkomste op buitelandse beleggings was.


As gevolg van 'n daling in die volume van die goud wat in die buiteland verkoop is, het die waarde van die netto goudproduksie in die tweede kwartaal matig gedaal. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark het van VSA \$384 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1984 tot VSA \$379 per fyn ons in die tweede kwartaal afgeneem. Maar in terme van rand per fyn ons het die goudprys oor dieselfde tydperk van R473 tot R483 gestyg. Daarna het die goudprys tot VSA \$333 op 9 Julie geval voordat dit gedurende die res van die maand en in Augustus effens herstel het. In Julie sowel as in Augustus het die gemiddelde goudprys VSA \$348 per fyn ons bedra. Vanweë die skerp depresiasie van die rand was die gemiddelde prys van goud in rand in Augustus egter 5 persent hoër as sy vlak in Julie.

### Kapitaalrekening

Die verbetering van die lopende rekening van die betalingsbalans het gepaard gegaan met 'n verandering in die kapitaalrekening van 'n netto uitvloeiing van R123 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 tot 'n invloeiing van R462 miljoen in die tweede kwartaal. Hierdie verandering is hoofsaaklik deur 'n aansienlike toename in die invloeiing van langtermynkapitaal teweeggebring. Soos in die voorafgaande kwartaal was buitelanders weer netto aankopers van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is. Die bedrag van hierdie aankope het egter matig gedaal, en die toename in langtermynkapitaal was hoofsaaklik aan 'n styging in die leningskapitaal toe te skryf. In besonder het die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese aansienlike bedrae in die buiteland vir ontwikkelingsdoeleindes geleen, en hierbenewens was die Tesourie en sekere van die openbare korporasies ook netto leners in die buiteland.

'n Netto uitvloeiing van korttermynkapitaal ten bedrae van R274 miljoen, insluitende onaangetekende transaksies, het in die tweede kwartaal van 1984 voorgekom. Dit het gevolg op 'n uitvloeiing van R309 miljoen in die

### Betalingsbalans: Kapitaalrekening



voorafgaande kwartaal. Die uitvloeiing van korttermynkapitaal was 'n voortgesette weerspieëling van ongunstige "vervroegings en vertraging" in buitelandse betalings en ontvangste, wat hoofsaaklik op 'n verwagte depresiasie van die rand gebaseer was.

### Buitelandse reserwes

Vanweë die netto invloeiing van kapitaal en 'n verbetering in die tekort op die lopende rekening, het die netto goud- en ander buitelandse reserwes in die tweede kwartaal van 1984 met R133 miljoen toegegaan. Ten spyte van hierdie toename het die private monetêre bankinstellings korttermynfondse in die buiteland geleen en op hierdie wyse 'n aansienlike bydrae


gemaak tot die styging van R239 miljoen in reserwe-verwante laste. In Julie het die Reserwebank 'n daling van R465 miljoen in netto reserwes ondervind. Ná die instelling van meer beperkende fiskale en monetêre beleidsmaatreëls vroeg in Augustus, het die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank gedurende hierdie maand met R243 miljoen toegeneem.

### Wisselkoerse

'n Tydperk van betreklik stabiele wisselkoerse gedurende die grootste deel van die tweede kwartaal van 1984 is deur 'n skerp depresiasie van die rand vanaf ongeveer die middel van Junie tot aan die einde van Julie, gevolg. Op basis van geweegde gemiddeldes het die rand vanaf die einde van Maart tot 23 Junie slegs marginaal teenoor die ander geldeenhede gedaal, naamlik met minder as 1 persent. In reaksie op 'n swakker goudprys en 'n sterker dollar, het die effektiewe wisselkoers van die rand daarna gedurende die res van die maand met meer as 2 persent gedaal. Dit het die totale daling in die effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die tweede kwartaal op 3,1 persent te staan gebring. In Julie het die effektiewe wisselkoers van die rand met 'n verdere 16 persent gedaal. Benewens 'n vinniger depresiasie teenoor die dollar, het die rand ook met tussen 14 persent en 16 persent teenoor die ander belangrike geldeenhede gedeprimeer.

Die strenger monetêre beleidsmaatreëls wat vanaf 3 Augustus 1984 toegepas is, die verwagte verbetering van die betalingsbalans en 'n toename in die goudprys, was vir 'n daaropvolgende ommekeer van hierdie dalende neiging in die wisselkoers van die rand verantwoordelik. In Augustus het die rand teenoor al die belangrikste geldeenhede geappreieer, wat meegebring het dat die effektiewe wisselkoers van die rand met 5,5 persent toegeneem het.

Wisselkoerse van die rand



### Veranderings in die wisselkoerse van die rand


	31 Mri. 1984		30 Jun. 1984		31 Jul. 1984	
	tot		tot		tot	
	30 Jun. 1984	31 Jul. 1984	31 Jul. 1984	31 Aug. 1984	31 Aug. 1984	31 Aug. 1984
Alle geldeenhede ...	-3,1	-16,0			5,5	
VSA-dollar .....	-7,9	-18,6			5,9	
Britse pond .....	-1,6	-15,8			5,4	
Duitse mark .....	-1,1	-15,4			5,7	
Switserse frank .....	-0,2	-14,1			3,6	
Japanse jen .....	-2,6	-15,9			4,3	
Franse frank .....	-1,6	-15,5			5,6	

## Geld en bankkrediet

### Veranderings in geldhoeveelheid

Die groei koers van die geldhoeveelheid, wat vanaf die middel van 1983 begin afneem het, het gedurende die tweede kwartaal van 1984 voortgegaan om matig te verlangsaam voordat dit weer in Julie gestyg het. Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het die koers van toename in M3 (d.w.s. die breë geldhoeveelheid bestaande uit banknote en munte in omloop en al die deposito's van die nie-bank- private sektor by die monetêre bankinstellings\*) van 22 persent in Junie 1983

### Geldhoeveelheid



\*Die insluiting van deposito's by die nie-monetêre bankinstellings, bouverenigings en die Posspaarbank in 'n breë geldhoeveelheidsbegrip geniet tans die aandag van die Reserwebank.

tot 16 persent in Januarie 1984 verlangsaam. Daarna het dit rondom hierdie vlak geskommel voordat dit weer effens verlangsaam het tot 14 persent in Junie. In Julie het dit egter weer tot 17 persent toegeneem. Insgelyks het die ooreenstemmende groei koers in M2 (d.w.s. M3 min langtermyn deposito's van die nie-bank- private sektor by die monetêre bankinstellings) verder verlangsaam van 20 persent in Februarie 1984 tot 18 persent in Junie en in Julie tot 22 persent toegeneem. 'n Soortgelyke neiging is ook waargeneem in die groei in M1 (d.w.s. note en munte in omloop plus onmiddellik opeisbare deposito's van die nie-bank- private sektor by die monetêre bankinstellings), alhoewel dit verder beïnvloed is deur 'n verskuiwing vanaf middel- en langtermyn deposito's na onmiddellik opeisbare deposito's in reaksie op werklike en verwagte rentekoersverskille.


Die laer groei koers van die geldhoeveelheid gedurende die tweede kwartaal het voorgekom gedurende 'n tydperk waarin die onderliggende ekonomiese toestand gunstig was vir 'n vinniger uitbreiding van die geldhoeveelheid. So het die betalingsbalans gedurende die tweede kwartaal aansienlik verbeter en tot 'n toename in die netto buitelandse reserwes gelei. Die vraag na krediet deur die private sektor het skerp gestyg, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde aankope deur verbruikers voor die verhoging van die algemene verkoopbelasting. Boonop het owerheidsverbruiksbesteding skerp versnel sonder 'n ooreenstemmende toename in die owerheidsinkomste, wat 'n veel groter tekort voor lenings tot gevolg gehad het. Nieteenstaande hierdie ontwikkelings is 'n laer groei koers in die geldhoeveelheid aangeteken omdat die seisoensaangesuiwerde netto bankkrediet aan die regeringsektor in die tweede kwartaal opmerklik gedaal het. Die hernieude versnelling in die groei van die geldhoeveelheid in Julie het hoofsaaklik verband gehou met 'n toename in totale bankkrediet.

Die effense verdere verlangsaaming in die groei van die geldhoeveelheid gedurende die tweede kwartaal het met 'n min of meer sywaartse beweging in rentekoerse tot aan die einde van Junie saamgeval. Gedurende Julie en Augustus het die daling in die goudprys, die devaluering van die rand en die maatreëls wat deur die owerhede getref is, 'n skerp toename in die algemene vlak van rentekoerse tot gevolg gehad.

### Bankkrediet

Die daling in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor was verantwoordelik vir 'n effens laer koers van toename in die totale bankkrediet wat toegestaan is. Gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het die koers van toename in totale bankkrediet verlangsaam van 21 persent in Maart tot 20½ persent in Junie en 19 persent in Julie. Die groei koers van die eise van die banksektor teen die nie-bank- private sektor het egter gedurende die tweede kwartaal skerp versnel en in Julie op die hoër vlak gebly. Hierdie versnelling het hoofsaaklik verband gehou met die aankondiging in Mei

## Bankkrediet



van 'n verhoging in die algemene verkoopbelasting wat tot 'n toename in verbruiksbesteding en finansieringsbehoefes gelei het voordat die hoër belasting op 1 Julie in werking getree het. Die voorgesette hoë groeiakoers in Julie het hoofsaaklik verband gehou met 'n agterstand in die verwerking van die buitengewone hoë volume van huurkoopkontrakte oor die Junie-maandeinde. Gemeet oor 'n tydperk van 12 maande, het die toename in krediet wat aan die private sektor toegestaan is van 19 persent in Maart tot 22 persent in sowel Junie as Julie gestyg.

'n Ontleding van die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor toon dat huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering gedurende die tydperk van vier maande tot Julie 1984 verder toegeneem het vanaf die hoë vlak wat aan die einde van Maart bereik is. Aan die einde van Julie was hierdie vorm van krediet 38 persent bo die vlak daarvan aan die einde van Julie 1983. Boonop het ander lenings en voorskotte, meesal oortrekkings, in die tweede kwartaal ook skerp gestyg, maar in Julie gedaal. Oor die twaalf maande tot Julie 1984 het hierdie lenings en voorskotte met 34 persent gestyg.

## Finansiële markte

### Reserwebank-optrede

Die Reserwebank se optrede gedurende die vyf maande tot Augustus 1984 het die uitgebreide gebruik van ope-markverkope van nuwe staatseffekte, wat hoofsaaklik op aanvraag van die Tesourie verkry is, ingesluit. Die doel met hierdie verkope was om te help om die seisoenale hoë staatsbesteding aan die begin van die nuwe fiskale jaar sonder die gebruik van bankkrediet te finansier. Die netto verkope van staatseffekte deur die Bank het van slegs R52 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 tot R546 miljoen in die tweede kwartaal gestyg. Met die seisoenale vernouing van die mark teen die einde van Junie, is hierdie netto verkope gedurende die daaropvolgende twee maande tot R174 miljoen verminder.

Verskeie maatreëls om die seisoenale skommelings in die mark uit te stryk is ook getref. Die Bank het, onder andere, terugkoop-ooreenkomste met die banke en diskontohuise vir hierdie doel gebruik. Nadat die uitstaande terugkoop-ooreenkomste 'n hoogtepunt van R950 miljoen in Februarie 1984 bereik het, is hulle tot R300 miljoen aan die einde van Mei verminder. Nuwe ooreenkomste is weer oor die maandeindes van Junie en Julie gesluit, en die uitstaande ooreenkomste het aan die einde van Julie R600 miljoen bedra. Al hierdie ooreenkomste het gedurende Augustus verval en is nie deur die Bank hernieu nie.

Die Reserwebank het ook die uitwerking van 'n aansienlike vloei van belastingfondse na die Regering versag deur in die vyf maande tot Augustus 1984 spesiale Skatkiswissels ten bedrae van R1 050 miljoen te verkoop. Wissels ten bedrae van R500 miljoen het aan die einde van Augustus verval. Van die oorblywende bedrag sal R200 miljoen op 30 November en R350 miljoen op 28 Februarie 1985, die ander twee hoogtepunte van belastingbetalings, verval. Verder het die Bank ook die bedrag aan Skatkiswissels wat weekliks per tender aangebied word, in ooreenstemming met marktoestande gewissel. Vanaf 18 Junie 1984 het die Bank begin met die uitreiking van Landbankwissels deur middel van 'n openbare tender elke Maandag, en die bedrae wat aangebied is, is ook volgens die heersende marktoestand aangepas. Daarbenewens het die Korporasie vir Openbare Deposito's gedurende Junie en Augustus daggeld ten bedrae van R300 miljoen by die diskontohuise geplaas.

Die Bank het gedurende die vyf maande tot Augustus sy herfinansiering deur die diskontovenster vir die diskontohuise voortgesit. Die herfinansiering het bestaan uit oornaglenings sowel as uit die herdiskontering van Skatkiswissels, likwiede bankakseptes en Landbankwissels teen die Bank se herdiskonteringskoerse. Gedurende die tweede kwartaal het hierdie vorm van akkommodasie 'n gemiddelde bedrag van R1 752 miljoen bedra,

vergeleke met R1 580 miljoen in die voorafgaande kwartaal. Daarna het dit aansienlik gestyg tot 'n gemiddelde bedrag van R2 152 miljoen gedurende Julie en Augustus. Regstreekse akkommodasie aan bankinstellings in die vorm van oornaglenings is slegs by geleentheid en op 'n klein skaal voorsien.

Die voorwaardes waarteen hierdie herfinansiering gedoen is, het gedurende Julie en Augustus aansienlik verander. In Julie het die skerp depresiasie van die rand die Bank gedwing om sy herfinansieringskoerse in drie stappe met  $\frac{3}{4}$  tot 1 persent te verhoog. As deel van die beleidsmaatreëls wat op 3 Augustus 1984 in werking gestel is, is die herfinansieringskoerse verder verhoog. Die koers van toepassing op die herdiskontering van Skatkiswissels en Landbankwissels deur die diskontohuise is met 3 persent tot onderskeidelik 21,75 persent en 22,00 persent verhoog, terwyl die koers vir die herdiskontering van bankakseptse met  $2\frac{3}{4}$  persent tot 22,25 persent verhoog is. Die koers op oornaglenings aan die diskontohuise wat deur Skatkiswissels, korttermynstaatseffekte en Landbankwissels en -obligasies gedek is, is met  $3\frac{1}{2}$  persent verhoog en dié op lenings wat deur likwiede bankakseptse en skuldbriewe van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie gedek is, met  $3\frac{1}{4}$  persent.


### Korttermynrentekoerse

Nadat vaste herfinansieringskoerse in Desember 1983 ingestel is, het korttermynrentekoerse gedurende die daaropvolgende ses maande binne eng grense rondom hierdie koerse beweeg. Die vernouing in die geldmark vroeg in Julie en die gepaardgaande verhoging van herdiskonteringskoerse het ooreenstemmende stygings in korttermynrentekoerse tot gevolg gehad. Die opwaartse aanpassing in herdiskonteringskoerse aan die begin van Augustus het weer eens tot stygings in korttermynkoerse van naastenby dieselfde orde van grootte aanleiding gegee.

Die koers op bankakseptse van drie maande het byvoorbeeld gedurende die eerste ses maande van 1984 rondom 18 persent geskommel voordat dit tot 19,70 persent aan die einde van Julie toegeneem het. Op 3 Augustus het dit skerp tot 22,25 persent gestyg en aan die einde van die maand het dit 22,10 persent bedra. Eweneens het die skatkiswisseltenderkoerse gedurende die eerste helfte van 1984 rondom 17,75 persent geskommel maar tot 18,72 persent aan die einde van Julie en tot 21,77 persent aan die einde van Augustus gestyg. In ooreenstemming met hierdie bewegings is die verrekeningsbanke se prima-oortrekkingskoerse in Julie van 21 persent tot 22 persent en vroeg in Augustus tot 25 persent verhoog.

Rentekoerse op korttermyndeposito's het ook gedurende die tweede kwartaal van 1984 betreklik stabiel gebly maar het vanaf die middel van Julie, in ooreenstemming met ander korttermynkoerse, begin om te styg. Gedurende Augustus het hierdie depositokoerse

### Korttermynrentekoerse




egter nie in dieselfde mate as die geldmarkrentekoerse gestyg nie.

### Kapitaalmarkbedrywigheid

Die peil van bedrywigheid in die kapitaalmark het gedurende die tweede kwartaal van 1984 'n afwaartse neiging hervat. Hierdie verlansaming, wat alreeds vanaf die tweede kwartaal van 1983 merkbaar was, is gedurende die eerste kwartaal van 1984 tydelik onderbreek. Die verlansaming van die kapitaalmarkbedrywigheid gedurende die tweede kwartaal van 1984 het op die kleiner beskikbaarheid van fondse gedul. As 'n weerspieëling van laasgenoemde, het die groeikoers van die breë geldvoorraad (M3) per eenheid van reële produk van 25 persent in die tweede kwartaal van 1983 tot 7 persent in die tweede kwartaal van 1984 gedaal.

In ooreenstemming met hierdie verandering in finansiële bedrywigheid, het die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel is, van R6,2 miljard in die eerste kwartaal van 1984 tot R5,3 miljard in die tweede kwartaal afgeneem. Gedurende Julie is 'n nuwe rekord maandelikse omset van R2,9 miljard egter aangeteken. Die waarde van aandele verhandel op die effektebeurs het 'n soortgelyke verloop


### Transaksies in effekte en vaste eiendom



getoon. Die aandele-omset het van R1 045 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 tot R848 miljoen in die tweede kwartaal gedaal. In Julie het dit R342 miljoen beloop, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van R282 miljoen in die tweede kwartaal. Die toename in omset in Julie was 'n weerspieëling van die verkoopdruk, wat daartoe gelei het dat die gemiddelde prys van alle klasse aandele gedurende hierdie maand met 9 persent gedaal het. In die mark vir vaste eiendom het die waarde van transaksies op 'n hoë vlak gebly nadat dit slegs marginaal gedaal het van R3 041 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 tot R2 903 miljoen in die tweede kwartaal. In Julie het die omset in die mark vir vaste eiendom egter skerp gestyg tot 'n rekordvlak van R1 295 miljoen.

In die primêre mark het die openbare sektor in die tweede kwartaal van 1984 nuwe fondse ten bedrae van R577 miljoen opgeneem deur middel van uitgiftes van vaste-rentedraende effekte, vergeleke met R1 160 miljoen in die eerste kwartaal. Die hoër langtermynrentekoerse het gelei tot die uitstel of afstel van 'n aantal beplande nuwe uitgiftes. Die uitgiftes van vaste-rentedraende effekte deur maatskappye in die private sektor het egter toegeneem van 'n jaartotaal van R265 miljoen

### Aandelepryse



in 1983 tot R528 miljoen in die tweede kwartaal van 1984. Hierdie uitgiftes was meestal in die vorm van voorkeuraandele.

Die volgehoue sterk vertoning van aandelepryse tot aan die einde van die tweede kwartaal het maatskappye aangemoedig om verdere nuwe aandelekapitaal op te neem. Hierdie uitgiftes, wat gedurende 1983 sterk toegeneem het, het slegs in 'n geringe mate gedaal van R266 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 tot R233 miljoen in die tweede kwartaal. Die betreklik groot uitgiftes van permanente aandelekapitaal is aangemoedig deur die duur korttermynbankfinansiering. Bankkrediet aan maatskappye (insluitende bruikhuurfinansiering) het inderdaad in die tweede kwartaal van 1984 met R294 miljoen gedaal, vergeleke met 'n aansienlike toename gedurende die voorafgaande kwartaal.

'n Kleiner inname van fondse deur die bouverenigings en deelnemingsverbandskemas gedurende die tweede kwartaal en 'n swakker vraag na verbandfinansiering in reaksie op die hoër rentekoerse op verbandlenings, het tot 'n afname in die bedrywigheid in die verbandmark

gelei. Die bedrag wat vir nuwe verbandlenings toegestaan is, het van R1 011 miljoen in die eerste kwartaal van 1984 tot R943 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem.

### Langtermynrentekoerse

Die afname in die algemene beskikbaarheid van fondse het gedurende die tweede kwartaal verdere, matige opwaartse druk op langtermynrentekoerse uitgeoefen. In ooreenstemming met korttermynrentekoerse, het langtermynkoerse egter gedurende Julie skerp gestyg. Hierdie beweging het gedurende Augustus voortgeduur nadat die verdere beleidsmaatreëls aan die begin van Augustus in werking gestel is.


Die maandelikse opbrengskoerse op langtermynstaats-effekte het van 13,8 persent in Maart 1984 tot 14,7 persent in Junie en verder tot 15,4 persent in Julie en 16,0 persent in Augustus gestyg. Die ooreenstemmende opbrengskoerse op Evkomeffekte het van 14,2 persent in Maart tot 14,8 persent in Junie en 16,0 persent in Augustus toegeneem. Die gemiddelde dividendopbrengskoerse op alle klasse aandele, wat gedurende 1983 en die eerste drie maande van 1984 afwaarts geskommel het, het daarna effens toegeneem. Hierdie

opbrengskoerse het van 5,1 persent in Maart tot 6,2 persent in Augustus toegeneem, hoofsaaklik as 'n weerspieëling van die daling in aandelepryse.

In ooreenstemming met die opwaartse beweging van ander langtermynrentekoerse, is die bouverenigings se maksimum koers op woonhuisverbande, van toepassing op lenings groter as R60 000, slegs effens van 18,75 persent in Desember 1983 tot 19,0 persent in Junie 1984 verhoog. In Augustus is dit verder tot 20 persent verhoog. Deelnemingsverbandskemas het hul verbandkoerse van 19,3 persent in Januarie 1984 tot 20,3 persent in Julie verhoog.

'n Aanduiding van die beweging van langertermyndepositokoerse word deur die veranderinge in die banke en bouverenigings se koers op deposito's van twaalf maande verskaf. Die oorheersende koers op hierdie deposito's, wat tot 11,0 persent in Maart 1983 gedaal het, is in verskeie stappe tot 16,5 persent in Mei 1984 verhoog. Dit is in Augustus gevolg deur verdere verhogings tot 18,0 persent.

### Kapitaalmarkrentekoerse




## Staatsfinansies

### Skatkisuitreikings en -ontvangste


Net soos gedurende die afgelope aantal jare die geval was, het die uitreikings uit die Skatkisrekening\* aan staatsdepartemente aan die begin van die 1984/85-boekjaar 'n skerp toename getoon. In die eerste kwartaal van die fiskale jaar, dit wil sê die tydperk April tot Junie 1984, was die uitreikings 24 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar. Hierdie koers van toename het in Julie ietwat afgeneem, maar het in die eerste vier maande van 1984/85 nogtans 23 persent bedra, 'n koers van toename wat aansienlik hoër was as die aangesuiwerde begrotingsraming van uitgawes van 14 persent vir die fiskale jaar in sy geheel.

Skatkisontvangste was in die eerste kwartaal van 1984/85 12 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1983/84. Hierdie koers van toename was opmerklik laer as die begrotingsraming van 15 persent vir die fiskale jaar in sy geheel, 'n syfer wat die verhoging vanaf Julie in die algemene verkoopbelasting (en die vrystelling van basiese voedselsoorte van dié belasting) in aanmerking neem. Die skatkisontvangste het eers vanaf Augustus by die verhoogde koers gebaat. Die uitsonderlike skerp toename in die private verbruiksbesteding in Junie, vóór die verhoogde koers in die algemene verkoopbelasting, het egter veroorsaak dat die ontvangste aan hierdie belasting in Julie 'n opmerklike styging getoon het. Hierdie styging, tesame met 'n groter as seisoenale toename in invorderings van inkomstebelasting gedurende Julie, het bygedra tot 'n aansienlik hoër koers van toename van 17 persent in

### Skatkisrekening



### Inkomste-invorderings - Staatsinkomstefonds



\*Die Skatkisrekening is vir veranderinge in die saldo op die Betaalmeestergeneraalrekening aangesuiwer om sodoende die uitreikings meer in ooreenstemming met die werklike regeringuitgawes te bring.

skatkisontvangste gedurende die eerste vier maande van 1984/85. Ander inkomstekategorieë wat hoër as verwagte koerse van toename getoon het, was ontvangste van doeanereg en, in 'n mindere mate, aksynsreg.

#### Finansiering van die tekort voor lenings

Die tekort voor lenings en skuldaflossings op die Skatkisrekening het gedurende die eerste kwartaal van 1984/85 R2,7 miljard en in die eerste vier maande van die fiskale jaar R3,1 miljard bedra. Laasgenoemde syfer was in werklikheid hoër as die aangesuiwerde begrotingsraming van R2,8 miljard vir die fiskale jaar in sy geheel.

Gedurende die eerste kwartaal van 1984/85 is die tekort uit die volgende bronne gefinansier\*:

	<u>R miljoene</u>
Monetêre banksektor .....	232
Openbare Beleggingskommissarisse .....	570
Nie-bank- private sektor .....	1 786
Buitelandse sektor .....	71
	<hr/>
	2 659
	<hr/>

\*Hierdie syfers is nie aangesuiwer vir seisoenskommelings nie en verwys slegs na die Skatkisrekening. Die syfer ten opsigte van die monetêre banksektor verskil derhalwe van dié wat in die afdeling oor geld en bankkrediet van hierdie oorsig gebruik is.

# Gesamentlike beleidsverklaring

Uitgereik deur Sy Edele Dr. D.J. de Villiers, Minister van Nywerheidswese, Handel en Toerisme, Sy Edele B.J. du Plessis, Minister van Finansies, en Dr. Gerhard de Kock, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

2 Augustus 1984

Die Suid-Afrikaanse ekonomie word nou reeds 'n ruk lank ongunstig beïnvloed deur die kombinasie van 'n sterk VSA-dollar, 'n lae goudprys, 'n swak herstel van die wêreld se kommoditeitsmarkte en 'n aanhoudende droogte. Die toestand is vererger deur die onverwagte en volgehoue verdere appresiasie van die dollar gedurende die afgelope vier weke en die gevolglike skerp daling in die goudprys van 'n gemiddelde van ongeveer \$380 per fyn ons gedurende die eerste helfte van 1984 tot vlakke rondom \$340.

Onder hierdie omstandighede het Suid-Afrika onvermydelik te staan gekom voor 'n verdere moeilike tydperk waarin die gordel stywer vasgetrek en aanpassings gemaak moet word om te verseker dat ons, as land, binne ons vermoë lewe en dat die ekonomie in sy geheel geen blywende skade ly nie.

Die probleem is *nie* dat die ekonomie in 'n resessiefase van die konjunkturgolf gebly het sedert 'n boonste draaipunt in Augustus 1981 bereik is nie. Die ekonomie het intendeel omstreeks Maart 1983 'n onderste draaipunt bereik en vervolgens 'n duidelike nuwe sikliese opswaai binnegegaan. Hierdie oplewing is gekenmerk deur 'n positiewe reële ekonomiese groei-koers, stygende besteding deur die owerheids- en die private sektor, en stygende produksie, indiensneming, winste, lone en salarisse, invoere, aandelepryse en vaste-eiendomswaardes. Hierdie stygings is ondersteun deur 'n groter as verwagte "tekort voor lenings" op die Begroting en deur oormatige geldskepping deur die bankstelsel, wat gedurende die eerste helfte van 1983 met 'n daling in rentekoerse gepaard gegaan het.

Hierdie ekonomiese oplewing kon tot op sekere hoogte verwelkom word. In die lig van die aanhoudende droogte, die dalende goudprys en die ander ongunstige eksterne ontwikkelings het die binnelandse besteding mettertyd egter vlakke bereik wat die land nie kon bekostig of handhaaf nie en wat tot verhoogde inflasionistiese druk en 'n verswakking van die betalingsbalans bygedra het. Dit het weer daartoe bygedra om 'n effektiewe depresiasie van die rand teenoor 'n geweegde "mandjie" van geldeenheide teweeg te bring wat sedert September 1983 ongeveer 26 persent beloop het.

Die depresiasie van die rand sal self bydra tot die vereiste aanpassing van die betalingsbalans. Deurdit dit die rand-waarde van uitvoere in stand gehou het, het die depresiasie ook 'n gunstige ekspansionistiese invloed op die mynbedryf en sekere sektore van die landbou, asook op die aandelebeurs sowel as op die vaste-eiendoms- en uitgeoefende. Baie binnelandse vervaardigers het ook voordeel getrek uit die bykomende beskerming wat deur stygende invoerpryse voorsien is. Die probleem met die depresiasie van die rand is dat dit mettertyd

onvermydelik moet lei tot 'n verdere versnelling van die inflasiekoers, tensy die uitwerking van die depresiasie deur gepaste monetêre en fiskale beleid teengewerk word.

Onder hierdie omstandighede het die owerhede dit noodsaaklik geag om die bestaande fiskale en markge- rigte monetêre beleid te verskerp en dit met strengere huurkoopbeperkings aan te vul.

## Fiskale beleid

Geen verdere belastingverhogings word vir die huidige voorsien nie. In plaas daarvan is die Regering self vasbeslote om besteding deur die openbare sektor aan bande te lê en het hy met dié doel voor oë 'n nuwe poging van stapel gestuur.

Met inagneming van die verhoging van die algemene verkoopbelasting vanaf 1 Julie 1984 behoort die uitwerking van dié aksieprogram te wees om te voorkom dat die "tekort voor lenings" in die Staat se rekeninge oormatig groot raak.

By voltooiing van huidige ondersoeke en beraadslagings in hierdie verband, sal daar 'n verdere aankondiging gedoen word.

## Monetêre beleid

Met ingang Vrydag 3 Augustus 1984 sal die Reserwebank sy herdiskonteringskoerse vir diskontohuise van 18,75 tot 21,75 persent vir skatkiswissels, van 19,00 tot 22,00 persent vir Landbankwissels, en van 19,50 tot 22,25 persent vir bankakseptes verhoog. Verhogings wat breed gesproke hiermee ooreenstem sal in die Bank se koerse op sy oornaglenings aan diskontohuise en ander bankinstellings aangebring word.

Indien die Reserwebank sy "diskontovenster" heeltemal sou sluit, dit wil sê sou weier om krediet aan die diskontohuise en die banke toe te staan, ten einde 'n tekort aan kontantreserwes vir die banke te skep en daardeur die monetêre groothede meer doeltreffend te beheer, sou dit buitensporige en ontwrigtende stygings in rentekoerse meebring. Onder die huidige omstandighede ag die Bank dit egter noodsaaklik om oormatige gebruikmaking van sy kredietfasiliteite te ontmoedig deur die *koste* van sodanige bystand op die aangeduide wyse te verhoog.

Daar word aangeneem dat hierdie maatreëls waarskynlik deur 'n verhoging van die prima-oortrekkingskoers van die handelsbanke van 22 persent tot tussen 24 en 25 persent gevolg sal word. Soos in die verlede sal dit elke bank egter vrystaan om sy eie koers te bepaal.

Om 'n gepaste onderlinge skikking van rentekoerse teweeg te bring, sal die verskillende "LADOFCA"-koerse (maksimum finansieringskostekoerse), wat gedurende die afgelope jaar nie ten volle by die stygings in mark-bepaalde koerse aangepas is nie, met 5 persent verhoog word. Die nuwe stel maksimum koerse sal derhalwe soos volg wees:

A. Geldlenings	Koers (%)
R 0 – R 2 000	32
meer as R 2 000 – R 5 000	30
meer as R 5 000 – R100 000	28
B. Krediet- en bruikhuurtransaksies	
R 0 – R 10 000	32
meer as R10 000 – R100 000	30

Hierdie koerse tree op 3 Augustus 1984 in werking en die vereiste kennisgewing in hierdie verband sal so gou doenlik in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

#### Huurkoopbeperkings

Die Regering is onder die huidige ekonomiese omstandighede verplig om verdere stappe te doen ten einde besparing aan te moedig en oormatige verbruiksbesteding, veral op luukse goedere, te ontmoedig. Gevolglik het die Regering besluit om ook wysigings aan te bring ten opsigte van minimum deposito's en maksimum afbetalings-termyne, wat deur die Wet op Kredietooreenkomste, 1980, gereguleer word en wat van toepassing is op sekere duursame verbruikersgoedere wat binne die bepalinge van hierdie Wet val. Die volledige besonderhede wat môre in die *Staatskoerant* gepubliseer sal word, sal deur die Minister van Nywerheidswese, Handel en Toerisme bekend gemaak word.

#### Slotopmerkings

Die maatreëls wat vandag aangekondig is, verteenwoordig kragtige regstellende optrede. Hulle is daarop gemik om die koers van toename in die geldvoorraad en die totale besteding te verlangsam ten einde 'n oormatige depresiasie van die rand en 'n verdere versnelling van die inflasiekoers te voorkom.

Vanweë die aard daarvan, sal hierdie maatreëls tyd nodig hê om hul korrektiewe invloed ten volle te laat geld. Intussen sal daar van die owerheidsektor, die sakegemeenskap en verbruikers opofferings vereis word. Mettertyd behoort die beleid wat nou in werking is die ekonomie egter te help om die aanpassings te maak wat deur die huidige ekonomiese werklikhede noodsaaklik geword het. Hulle behoort ook te dien om die las van die aanpassing op billike wyse oor die verskillende sektore van die ekonomie te versprei en in die besonder om die belange van die gewone man te beskerm.